# Voëls nou deur kamera bekyk

Anneke du Toit

DIE wêreld se eerste webkamera tussen 'n kolonie voëls, die Flamcam, is verlede week by die Kamfersdam buite Kimberley bekend gestel.

Dié kamera hou die permanente bevolking kleinflaminke op die eiland dop en die regstreekse beelde is op Africam se webtuiste (www.africam.com) te sien. Mense kan in die gemak van hul huise die broeisiklus van dié voëls dophou.

Dr. Mark Anderson, uitvoerende direkteur van BirdLife Suid-Afrika, het op die geleentheid gesê dit sal help om internasionale bewustheid rondom die flaminke van die Kamfersdam te wek. 'n Beplande ontwikkeling naby dié eiland hou 'n moontlike bedreiging vir die voëls in.

"Nog voordat die eiland 'n werklikheid was, het ek en Campbell Scott van Africam gepraat oor die moontlikheid van 'n webkamera tussen 'n kolonie flaminke," het hy gesê. Jare later is dit nou 'n werklikheid. Volgens tellings geneem van lugfoto's het die 2007-'08-broeiseisoen 9 000 kuikens opgelewer. Die afgelope seisoen het 6 700 kuikens reeds uitgebroei en daar is 'n verdere 6 600 eiers op die eiland wat nog moet uitbroei.

"Die kleinflaminke in Botswana broei net elke tien jaar suksesvol en by die Kamfersdam het die flaminke nou twee jaar agtereenvolgens suksesvol gebroei. Dit sal help om die internasionale bevolking kleinflaminke 'n hupstoot te gee," het Anderson gesê.

Scott, direkteur van Africam, het op die bekendstelling gesê dit is uitsonderlike mense wat briljante idees uitvoerbaar en briljant maak.

Scott het verduidelik dat die kamera op die eiland sonkrag gebruik en dat die beeld met optiese vesel onder die dam tot by die wal gevoer word.

Van daar word dit oor 'n draadlose netwerk na 'n stasie in die stad gestuur en reis die beelde met die Telkom-ruggraat in die stad tot in Johannesburg, dan Kaapstad en onder die see na New York in Amerika. Van New York word die beeld met kabels oor die land gevoer na twee rekenaarbedieners, een in San Francisco en een in Los Angeles.

As iemand op Africam se webblad na die flaminke van die Kamfersdam buite Kimberley kyk, sluit hulle by 'n rekenaarbediener aan die Weskus van Amerika aan om dié beelde te sien.

Mnr. Jahn Hohne, voorsitter van die Red die Flaminke-veldtog en besturende direkteur van Ekapa Mining, het die hoofborg, Nedbank Capital, bedank vir sy betrokkenheid by die projek.

"Dit is aan die borge te danke dat die publiek dié beelde gratis kan sien," het Hohne gesê. Anderson het gesê hy wens dr. Richard Liversidge kon dié dag meemaak. Die bewaring van die Kamfersdam se kleinflaminke was 'n passie by wyle Liversidge, bekende voëlkundige en voormalige direkteur van die McGregor-museum in Kimberley. Sy weduwee, Vivienne, het die bekendstelling bygewoon.



'n WEBKAMERA is onlangs op die kunsmatige broei-eiland op Kamfersdam aangebring. Op die bekendstelling van die kamera was, van links, mnr. Campbell Scott (direkteur van Africam), mevv. Carla Rossi (Nedbank Capital), Vivienne Liversidge (dr. Richard Liversidge se weduwee), mnr. Jahn Hohne (voorsitter van die Red die Flaminke-veldtog) en dr. Mark Anderson (uitvoerende direkteur van BirdLife Suid-Afrika). Foto: Anneke du Toit

Noordkaap 4/2/09



DIE nuwe webkamera steek bo die kleinflaminke op die kunsmatige broei-eiland in die Kamfersdam uit. Foto: Anneke du Toit